durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

Bergsig Boodskap

1 - 14 April 2024

7 April 2024, DOOP, Dag van danksegging & Verootmoediging

9:00 **@9 Diens (Ouditorium)**
Ds. Mizelle Prinsloo
Glow Kidz (Saal)
Marinette Kilpert

18:00 **@6 Diens**
Pieter Truter

Deuroffer: Alta du Toit Nasorg

14 April 2024

9:00 **@9 Diens (Ouditorium)**
Ds. Siegfried Louw
Glow Kidz (Saal)
Marinette Kilpert

18:00 **@6 Diens**
Pieter Truter

Deuroffer: Christelike Afhanklikheidsdienste

21 April 2024

9:00 **@9 Diens (Ouditorium)**
Ds. Mizelle Prinsloo
Glow Kidz (Saal)
Marinette Kilpert

18:00 **@6 Diens**
Pieter Truter

Deuroffer: Indiërsending

28 April 2024

9:00 **@9 Diens (Ouditorium)**
Ds. Leon Tait
Glow Kidz (Saal)
Marinette Kilpert

18:00 **@6 Diens**
Pieter Truter

Deuroffer: Studiefonds

GEBEURE OORSIG:

9 April: Laat waai met jou Gawes kursus
13 April: Vroue Retraite
20 April: Verlies werkswinkel
22 April: Kerkraadsvergadering
23 April: Doopkategese
24 April: Personeel Retraite
25 April: Seniors
26 April: Glow Kidz Sleepover

Ons stel bekend Pieter Truter - nuwe seniorjeugwerker

Pieter is gebore in Johannesburg en het afgetrek Kaap toe op die ouderdom van 6 jaar oud. Hulle bly in Durbanville vir die afgelope 24 jaar. Hulle het ook by Bergsig ingeskakel van 1999 tot 2018 en hy was betrokke by Regeneration in die orkes vir 12 jaar, asook het hy kleingroepe aangebied vir n paar jaar. Pieter was ook betrokke by die berading en bevrydingsbediening en was op die kerkraad in 2016.

Hy en sy vrou Christel het mekaar ontmoet terwyl hulle in Bergsig betrokke was. Hulle het in 2020 tot Mei 2022 in die Transkei gebly waar albei in die gemeenskap gewerk en gebly het.

Hy was in Durbanville voorbereidingskool, laerskool en hoërskool en matrikuleer in 2009.

Hy studeer BSc op Stellenbosch en doen 'n nagraadse sertifikaat in onderwys deur UNISA. Hy doen narratiewe en pastorale berading deur Coram Deo, en hy is tans besig met sy nagraadse diploma in teologie by Stellenbosch.

Hy rig hokkie af vir dogters by Laerskool Durbanville en geniet dit om self nog hokkie te speel by Durbanville Hokkie Club.

Stokperdjies sluit in houtwerk en tuinmaak. Hy het 'n groot liefde vir die natuur en buitelewe.

Sy hoop vir die bediening is om die jeug in die gemeente te ondersteun om nader aan Jesus te leef, Sy stem te leer ken en saam aan 'n gemeenskap van gelowiges te bou waar die jeug, student en jongvolwassenes tuis voel.

Ek sien uit om mense te leer ken en saam verhouding te kan bou, veral om die etenstafel of die braai!

BASAAR BEDRAG INGESAMEL

Met groot dankbaarheid maak ons die bedrag ingesamel bekend - R383 881,13. Ons bring eer aan die Here dat Hy in mense se harte werk om bereidwillig te wees om te help, skenkings te gee en op die dag te werk. Deel van die bedrag was 'n R100 000 kontantskenking. Met die geld kan die kerk die binnespoor bedryf wat bv. water en ligte rekeninge betaal onder andere en vele meer.

Vanuit die Uitreikkantoor ...

Bergsigprojekte op ons voorstoep

MES SAFE SPACE

Durbanville het lank gedroom van 'n plek waar straat-mense kan "slaap" veral as dit droewig koud en nat is in die winter. 'n Paar jaar gelede het Bergsig een winternag tydens 'n storm ons kerk se deure oopgegooi en die haweloses laat oornag in die kerksaal - dit was 'n reuse-poging om die kerk reg te kry vir die oorslaap. Dit het goed gegaan. Die hoop was dat die owerhede sien dat kerke help en dat hulle hande moet vat met ons. Die droom het waar geword. Die oorslaap geriewe het die week by die taxirank geopen. Ons sal binnekort laat weet hoe ons kan help om 'n persoon vir 'n slaap te borg.

Bergsig-uitreikhulp

Bergsig Kerk stap vanaf Desember 2023 'n pad met 'n gesin wat finansieel baie swaar kry. Ons het al gevra vir klere vir hulle en hulle baba seuntjie. Baie dankie vir lidmate wie babagoed en klere vir hulle geskenk het.

Die gesin kon oor Paasnaweek in 'n woonstel agter in iemand se tuin in-trek en die kerk gaan hulle help met die eerste maand se huur en depositogeld. Ons vra egter dat as enige iemand 'n bed, 'n los kas en of laaikas, 'n tafeltjie, 'n yskas, kombuisware, 'n lead waarmee hulle kan krag aanlê, gordyne of 'n buitedeur met 'n goeie slot het dat julle asseblief vir Liezl by versorg-ing@bergsigdv.co.za sal kontak.

Pragtig FAMILIE Klavier

Na baie generasies in een familie is die klavier nou beskikbaar vir die volgende familie.

Die klavier het 'n goeie staal raam en moet wel gestem word.

Kontak Martin Smuts by 082 457 7654.

Klavierstoeljtie is in-gesluit en die hele packet is beskikbaar vir R6000

GGO OOSIG VIR 2023/2024

Alle eer en dank aan ons Hemelse Vader wat hierdie projek seën en in stand hou ter ondersteuning van Sy Koninkrykswerk. 'n Groot dankie en waardering aan elke Bergsig GGO-donateur vir jou getroue voortgesette ondersteuning. "Julle gawe is voor God 'n offer met lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig" Fil.4:18

Gemeentelede se donasies aan GGO is die hoofbron van finansies ter ondersteuning van Bergsig-uitreike. Die GGO-projek in Bergsig bestaan reeds sedert 1997. Hoewel daar 'n afname in bydraes was, kon daar die afgelope finasiële jaar R722 380 verdeel word tussen ons uitreike.

Die totale verspreiding van bogenoemde bedrag was as volg:



Totaal aan projekte / instansies binne Suid-Afrika	R250791	34.7%
Totaal Afrika (buite Suid-Afrika)	R116943	17.2%
Totaal Afrika (Suid-Afrika ingesluit)	R410016	51.9%
Totaal Ander Kontinente (Buite Afrika)	R377453	47.3%
Totaal ander ondersteuning en administrasie	R6000	0.8%
Groot Totaal	**R793469**	**100.0%**

Die GGO-verdeling per projek / instansie vir 2023/24 is beskikbaar vir belangstellendes, by Andene van den Berg, Bergsig se Uitreike-koördineerder.

Die GGO brosjure, met al die uitreike waarby Bergsig tans betrokke is, is beskikbaar in gedrukte formaat in die voorportaal asook elektronies by www.bergsigdv.co.za.

"En God is magtig om alle genade oorvloedig vir julle te laat wees, sodat julle altyd in elke opsig selfversorgend kan wees, en oorvloedig kan bydra tot elke goeie werk." 2 Kor.9:8

Andene van den Berg bedien ook haar 1ste Nagmaal by die Lydensnagmaal.

Sonsopkomsdiens

Die diens het meer 'n reflektiewe inslag gehad. Elkeen kon die uitdeelstuk lees en daaroor nadink. Dit was koud, maar goed gewees om buite in die natuur oor Jesus se opstanding te dink.

Liewe Bergsig lidmaat die kultuur in Bergsig is om altyd ons beste te gee - ook vir die minderbevoorregtes. Ons het nog altyd fantastiese GOEIE sop gekook vir die sopkombuis - nou bekend as MES - ons nooi julle om deur die winter te help kook - julle kan dit gevries bring in 2 liter roomysbakke en dan vat ons dit soos nodig na MES - navrae Andene uitreike@bergsigdv.co.za

Vir Bergsig is dit uiters belangrik dat mense geestelik verdiep en groei. Een manier is om jou verliese te verwerk en dan ander te help om deur hulle s'n te werk. Woon die 20 April werkswinkel by - jy sal baie leer uit die dag.

Ook moet mens weet wat is die GAWES wat die Here jou gegee het. Hoe sal jy weet? Kom woon die kursus by wat aangebied word. Daar is oggend en aand sessies. Kies wat jou pas - leer en laat waai dan met jou gawes waar jy woon en werk. Die Here glimlag wanneer jy dit gebruik.

VROUE RETRAITE 13 April 2024

DURBANVILLE-BERGSIG GEMEENTE nooi jou - VROU -

na 'n RETRAITE by die kerk (h/v Boland & Proteaweg).

Datum: 13 April 2024

Tyd: 9:00 - 13:30

Koste: R150

Tema: MASKERMENSE

deur Hendi Grobbelaar (skrywer van die boek Maskermense)

Die oggend is interaktief: ons gaan saam luister, kreatief wees, eet, kuier en lag.

Bespreek by: https://bit.ly/oppihoek-winkel

Navrae: Ds. Mizelle Prinsloo 0833941101 / Ilze Lammers 0766738646

Wêreld Outisme Dag word gevier met die skyn van 'n blou lig op geboue. Ds. Leon & Monique Tait het die week vir Stefan op Bergsig kerk 'n blou lig laat skyn ☺

Glow Big het die end van verlede kwartaal heerlik PADEL gaan speel vir 'n afsluiting.

Die groep het soveel pret gehad as gemeenskap van die gelowiges. Dit het ook gesorg dat Marinette heerlik moet rondhardloop.

NG Kerk Durbanville-Bergsig

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za

Facebook: Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers

Straatadres: H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550

Posadres: Posbus 479, Durbanville, 7551

Kantoor-ure: Ma tot Vry 08:00 - 14:00

Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

scan to donate now — zapper donate with VISA and many more — www.zapper.com

Snap here to pay — SnapScan

https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527

24 uur nood vir geestelike & emosionele ondersteuning

bergsig911@bergsigdv.co.za

S33 48.966 018 39.728

Bankbesonderhede: NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810